# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS 40c PRICE**
**Plus AVB/GST**
**BUITELANDS 50c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 229

KAAPSTAD, 25 JULIE 1984

CAPE TOWN, 25 JULY 1984

No. 9331


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1526. 25 Julie 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 97 van 1984: Private Wysigingswet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1526. 25 July 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 97 of 1984: University of the Orange Free State (Private) Amendment Act, 1984.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# PRIVATE WET

**Tot wysiging van die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 3 Julie 1984.)*

Aanhef.

NADEMAAL die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (hieronder die Universiteit genoem) met regspersoonlikheid beklee is deur die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949 (Wet No. 21 van 1949) (hieronder die Hoofwet genoem);

EN NADEMAAL dit vir die beter administrasie en bestuur van die Universiteit dienstig is om die Hoofwet te wysig ten einde—

*(a)* die samestelling van die Raad van die Universiteit en die wyse waarop dié Raad saamgestel word, te verander;

*(b)* die woord "Goewerneur-generaal" deur die woord "Staatspresident" te vervang;

*(c)* aan die Universiteit die bevoegdheid te verleen om in die statute voorsiening te maak vir die verandering van die benaminge van bestaande grade, diplomas en sertifikate, en vir die omruiling deur persone aan wie sodanige bestaande grade, diplomas of sertifikate toegeken of uitgereik is, van sodanige grade, diplomas of sertifikate vir grade, diplomas of sertifikate onder bedoelde veranderde benaminge:

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 7 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 70 van 1971, artikel 1 van Wet 69 van 1974 en artikel 5 van Wet 108 van 1978.

**1.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a*A) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a*A) **['n Vise-rektor]** <u>die Vise-rektore</u> van die Universiteit **[, maar slegs in die afwesigheid van die Rektor of indien die amp van Rektor vakant is]**; en";

*(b)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* vier persone deur die **[Goewerneur-generaal]** <u>Staatspresident</u> benoem; en"; en

*(c)* deur paragraaf *(l)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(l)* hoogstens vier ander persone benoem deur **[sodanige persone of liggame, behalwe dié vermeld in die voorafgaande paragrawe van hierdie sub-artikel, as wat die statute later mag bepaal]** <u>die Raad</u>.".

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# PRIVATE ACT

**To amend the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 3 July 1984.)*

Preamble.

WHEREAS the University of the Orange Free State (hereinafter referred to as the University) was incorporated by the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949 (Act No. 21 of 1949) (hereinafter referred to as the principal Act);

AND WHEREAS for the better administration and conduct of the University it is expedient to amend the principal Act so as to—

*(a)* alter the constitution of the Council of the University and the manner in which such Council is constituted;
*(b)* substitute the words "State President" for the word "Governor-General";
*(c)* empower the University to make provision in the statutes for the alteration of the designations of existing degrees, diplomas and certificates, and for the exchange by persons upon whom such existing degrees have been conferred or to whom such existing diplomas or certificates have been granted, of such degrees, diplomas or certificates for degrees, diplomas or certificates under the said altered designations:

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 7 of Act 21 of 1949, as amended by section 1 of Act 70 of 1971, section 1 of Act 69 of 1974 and section 5 of Act 108 of 1978.

**1.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution for paragraph *(a*A*)* of subsection (1) of the following paragraph:
"*(a*A*)* **[a Vice-Rector]** the Vice-Rectors of the University **[, but only in the absence of the Rector or if the office of Rector is vacant]**; and";
*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:
"*(b)* four persons appointed by the **[Governor-General]** State President; and"; and
*(c)* by the substitution for paragraph *(l)* of subsection (1) of the following paragraph:
"*(l)* not more than four other persons, appointed by **[such persons or bodies, other than those mentioned in the preceding paragraphs of this sub-section, as may hereinafter be set out in the statutes]** the Council.".

**Wet No. 97, 1984**

PRIVATE WYSIGINGSWET OP DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, 1984

Wysiging van artikel 15 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 83 van 1983.

**2.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Die Universiteit kan, wanneer hy dit dienstig ag om die benaming van 'n bestaande graad, diploma of sertifikaat te verander en om 'n student of 'n voormalige student aan wie so 'n graad toegeken of aan wie so 'n diploma of sertifikaat uitgereik is, in staat te stel om die betrokke graad, diploma of sertifikaat om te ruil vir 'n graad, diploma of sertifikaat onder bedoelde veranderde benaming, in die statute voorsiening maak vir die reëling van so 'n omruiling, en vir die regskrag, vir alle doeleindes, daarvan.".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Private Wysigingswet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984.

**2.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) The University may, whenever it deems it expedient to alter the designation of an existing degree, diploma or certificate and to enable any student or former student on whom any such degree has been conferred or to whom any such diploma or certificate has been granted, to exchange the relevant degree, diploma or certificate for a degree, diploma or certificate under the said altered designation, provide in the statutes for the regulation of any such exchange, and for the legal effect, for all purposes, thereof.".

Amendment of section 15 of Act 21 of 1949, as amended by section 10 of Act 83 of 1983.

**3.** This Act shall be called the University of the Orange Free State (Private) Amendment Act, 1984.

Short title.

Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria, deur Kaap & Transvaal Drukkers (Edms) Bpk, Kaapstad—BB3954/12 400
Printed for the Government Printer, Pretoria, by Cape & Transvaal Printers (Pty) Ltd, Cape Town—BB3954/12 400